Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

ALFA-aanlyn 2021-kleinveeprogram: 1 April 2021 - 31 Augustus 2021 &
Nampo/ALFA 2021-kleinveeprogram op Nampo park: 30 September 2021 – 2 Oktober 2021.

Sedert die eerste ALFA in 2016 was ALFA se kleinveeprogram 'n prioriteit. Oor die jare was daar 'n paar mylpale in die program waarop ons baie trots is, oa die grootste kleinveeras-uitstalling ooit in SA (23 Rasse) onder een dak, 100% deelname van alle BLUB rasse in 'n prestasiekompetisie en die eerste wetenskaplikegroeitoets vir kleinvee ooit. Die fokus van die kleinvee program is om die samesyn van die kolektiewe kleinveegemeenskap te ondersteun. ALFA probeer spesifiek fokus plaas op prestasiemeting, presiesboerdery en die effektiewe gebruik van tegnologie.

Die onderstaande kleinvee-gefokusde projekte word in twee dele opgedeel:

- Die projekte wat deel vorm van die ALFA 2021-aanlynprogram wat 1 Mei – 31 Aug 2021 aanlyn op Agri TV, die ALFA webblad en Facebook blad en met ondersteuning van die ALFA selfoon aplikasie, uitgevoer word.
- Die projekte wat op Nampopark, 30 Sept- 2 Okt 2021 as deel van die Nampo/ALFA Lewendehawe, jag en buitelewe ekspo aangebied word. Alles word bepaal deur die Covid-19 beperkinge.

Die meeste van hierdie projekte het ook elemente wat oorvleul of deelvorm van beide programme. Al die borge is nog nie finaal bevestig nie en van die nuwe projekte en geleenthede moet ook nog gefinaliseer word. 'n Volledige program met datums en operasionele besonderhede sal spoedig gedeel word. ***Meer inligting oor die program en opdaterings is beskikbaar op*** ***www.alfaexpo.com*****,** ***www.Nampo/ALFA.co.za*** en die ALFA Facebook blad.

ALFA aanlyn 2021 program:

1. ***BKB kleinvee-prestasiekampioenskap saam met SA Stamboek***
   2021 Sal die 5de jaar wees dat die kompetisie aangebied word en vroulike diere word vir die eerste keer ook ingesluit. Hierdie projek identifiseer jaarliks die tien beste jong ramme & ooie in elke kleinveeras wat deelneem aan Blup op grond van hul prestasiesata en funksionele doeltreffentheid. Op hierdie manier word vroeë erkenning gegee aan voortreflike diere wat potensieel 'n groot rol in die ras kan speel asook hul telers wie erkenning kry vir hul prestasie. Hierdie kompetisie poog om 'n wetenskaplike alternatief vir konvensionele skoubeoordeling te skep. Die top jong diere word op grond van prestasiedata binne elke ras deur SA Stamboek, wat die registrasie-owerheid is vir al die kleinveerasse, aangewys. Die ramme en ooie moet jonger as 24 maande (geboorte-aanmelding ná 1 Januarie 2020) wees op 30 September 2021. Die genootskap verifieer die lys waarna die top 10 ramme en ooie geidentifiseer, en aangekondig word. Die eienaars van hierdie diere neem self 'n selfoon video en fotos van hul dier dmv die ALFA selfoontoepassing, wat die proses standardiseer. Die diere word beoordeel op grond van funksionele doeltreffentheid (Rasstandaarde word gladnie in ag geneem nie). 'n Gesamentlike punt tussen die aanvanklike prestasiemeting en die funksionele doeltreffentheid bepaal dan die BKB jongram kampioen en die BKB jongooi kampioen @ ALFA 2021. Die genootskap word dan genooi om 'n ram en ooi van hul top 10 in die BKB kleinveesentrum op Nampopark tydens Nampo/ALFA 2021 uit te stal by hul genootskapstalletjie. Borde met die 2021 top 10 diere word permanent op Nampo park aangebring.
   Datums:
   - 3 Mei: SA Stamboek stuur top-10 lyste aan genootskappe.
   - 1 Junie: Kwalifiseerders neem selfoonvideos en stuur dit in.
   - 1 Julie: Evalusaie van videos begin.
   - 30 Julie: Top 10 lyste en ras-wenners word op Agri TV aangekondig.
   - 30 Sept: Top 10 borde word by NampoPark onthul.

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

2. ***ALFA-aanlyn-interrasskou***

Die eerste aanlyn kleinveeskou is in 2020 aangebied waar 5 diere per ras ingeskryf is en dmv videos beoordeel is. Dit was so 'n groot sulkses dat ons die aanlyn skou 'n instelling gaan maak maar met 'n verandering in fokus. SA Stamboek, die enigste registreerende owerheid in die kleinvee bedryf, gaan 5 senior ramme op ouderdom vier- vyf jaar nomineer om aan hierdie kompetisie deel te neem op grond van prestasie data en hul rol in die ras. Elkeen van hierdie eienaars stuur dan 'n video opname van hul ram op 'n spesifieke protokol dmv die ALFA selfoonaplikasie in wat dan op rasstandaard beoordeel word. Die wenner van elke ras plus sy teler word dan genooi om by Nampo/ALFA te kom uitstal as deel van die "Best of the best" uitstalling.

Datums:

- 3 Mei: SA Stamboek stuur top-5 ramme aan genootskappe.
- 1 Junie: Kwalifiseerders neem selfoonvideos en stuur dit in.
- 1 Julie: Beoordeling begin
- 28 Julie: Wenners word op Agri TV aangekondig.

3. ***Q-Pro Voere nasionale kleinveegroeitoets***

Kleinveerasse word genooi om deel te neem aan hierdie tweede aanbieding van 'n SA eerste saam met RFID en SA Stamboek. Hierdie jaar word die projek by beide by die RFID-sentrums van die Universiteit van Stellenbosch en die Universiteit van die Vrystaat aangebied op dieselfde tyd.

SA Stamboek en BKB velddienste gaan help om in elke ras diere te identifiseer om deel te neem aan hierdie groeitoets. Diere moet uit kuddes kom wat BLUB doen. Gesprekke word gevoer met elke ras om die ouderdom en gewig van die diere met die aavang van die toets, te bepaal.

Daar is plek vir 20 diere van sewe rasse in hierdie jaar se aanbieding. Eerste sewe rasse wat deelname bevestig, kan deelneem. Diere word vir 45 dae met QPro voere gevoer en hul voeromset en daaglikse groei word ge-evalueer. Die oorspier van al die diere word ook geskandeer. Terugvoer word in ras-verband gegee en geen vergelyking word tussen rasse getref nie.

Datums:

- 1 Junie: Gesprekke word met genootskappe gevoer om die gewig en ouderdom van diere te bepaal.
- 1 Julie: Inskrywings sluit.
- 2 Aug: Toets begin begin (Diere word vorige dag ontvang by US & UVS).
- 15 Sept: Toets word afgesluit (Diere word volgende dag verwyder by US & UVS)
- 27 Sept: Uitslae word op Agri TV aangekondig.

4. ***Nutri Moneymaker-nominasies***

Hierdie projek gee erkenning aan uitsonderlike leeftydprestasies van produksiediere in die laaste fase van hul produksielewe op grond van vrugbaarheid, die prestasie van hul nageslag en hul eie prestasiedata. Die projek gee aan diere van altwee geslagte in al die kleinvee rasse wat die Moneymaker-titel verdien en hul eienaars of telers, erkenning. Dit is dus nie 'n kompetisie nie maar stel 'n standaard vir voldoening. Diere met 'n geboorte-aanmelding vanaf 1 Januarie 2016 of later kwalifiseer vir die kompetisie. Ooie en ramme mag dus nie ouer as vyf jaar wees nie. Die genootskap kan dan een verteenwoordiger van elke ras van die kwalifiseerders nooi om uitgestal te word as deel van die Nutri Feeds Moneymaker-uitstalling, wat by elke ras in die BKB-kleinvee sentrum uitgestal sal word tydens Nampo/ALFA op Nampo park.

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

Die Moneymaker ramme kwalifiseer as volg:

- Ram moet gebruik gewees het in stoet kuddes op 'n minimum getal ooie (Getal kuddes en ooie wissel van ras tot ras).
- Meer as 50% van beide manlike en vroulike nageslag moet in die ras opgeneem wees.
- Die ram moet self 'n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê.

Die Moneymaker ooie kwalifiseer as volg:

- Meer as vier lammers gespeen (sy moes elke jaar gelam het).
- Meer as 50% van beide manlike en vroulike nageslag moet in die ras opgeneem wees.
- Die ooi moet self 'n teelwaarde bo die rasgemiddeld hê.

Datums:

- 1 Julie: SA Stamboek stuur lyste van kwalifiseerders aan genootskappe.
- 26 Julie: Kwalifiseerders word op Agri TV aangekondig.
- 30 Sept: Sertifikate word op Nampo/ALFA uitgedeel.

5. ***RPO nasionale interras-slaglamkompetisie saam met Samic.***

Elke kleinveeras kry die geleentheid om 'n eie karkaskompetisie aan te bied. Elke raswenner kwalifiseer dan vir 'n interraskompetisie tussen al Suid-Afrika se kleinveerasse. Die kompetisie word oor twee weke by twaalf abattoirs in al nege provinsies aangebied. (Lys van abattoirs en slagdatums per abattoir sal spoedig bekend gemaak word). Diere kan by enige van die abattoirs geslag word en word direk van plaas na abattoir geneem. Wenners word per ras, per provinsie en nasionaal aangewys vir enkelkarkas en groep van vier. Streeks wenners word by die verskillende abattoirs aangewys en die nasionale interraswenners by die ALFA bok & Tjok spitbraai by Nampo/ALFA. Dit gaan hierdie kompetisie die grootste karkaskompetisie ooit in SA maak.

Datums:

- 1 Julie: Kompetisie open vir inskrywings.
- 2-13 Aug: Slagtings by 14 Abattoirs uitgevoer, streeks wenners word by elke abattoir aangekondig.
- 17 Aug: Interras wenners word op Agri TV aangekondig. Sertifikate word op Nampo/ALFA uitgedeel.

<u>Nampo/ALFA program op Nampo park</u>

1. ***Barnlab voere "Best of the best" kleinvee uitstalling***

Elke kleinveeras word jaarliks genooi om sy senior kampioen ram by Nampo/ALFA uit te stal om sodoende aan die dier en sy teler/eienaar erkenning, asook 'n adisionele bemarkingsgeleentheid te gee. Hierdie diere word op 'n prestige paviljoen uitgestal en die eienaar van die ram kry 'n stalletjie gratis waar hy/sy hul stoet kan promofeer. Indien daar nie skoue plaasgevind het nie, kan die genootskap 'n dier nominee wat hulle in die uitstalling kan verteenwoordig. Hierdie inisiatief is gebore is uit die behoefte om die kleinveebedryf te bevorder en die bedryf meer glans te gee. Daarom gaan die wenners tydens die ALFA Bok & Tjop spitbraai die geleentheid kry om 'n parade te stap deur die saal.

Datums:

- 1 Aug: Uitnodigings word uitgestuur aan wenners.
- 29 Sept: Diere word afgelewer en stalletjies word opgerig op Nampo park.
- 30 Sept- 2 Okt: Nampo/ALFA word aangebied op Nampo park
- 2-3 Okt: Diere word verwyder en stalletjies afgebreek.

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

2. **Inheemse kleinvee-ekspo (borg sal nog aangekondig word)**
   Suid-Afrika is geseën met ’n fantastiese verskeidenheid inheemserasse waarvan baie komersieel goed doen, maar ander verdwyn. Na die suksesvolle uitstalling van 2019 en die feit dat ons die ekspo nie in 2020 kon aanbied nie, beoog ons om by Nampo/ALFA 2021 nog ’n groter aantal rasse langs mekaar onder een dak ten toon te stel, om sodoende weereens die grootste en volledigste uitstalling van verskillende inheemse kleinveerasse ooit te skep. Twee vroulike diere en een manlike dier per ras word vir elke ras uitgestal.
   Datums:
   - 1 Julie: Uitnodigings open vir deelname.
   - 30 Sept: Uitstalling open op Nampo/ALFA.

3. ***Noordkaap veldramklub veiling@ Nampo/ALFA aangebied deur GWK Veewinkel.***
   Dit is die tweede jaar dat hierdie prestige veiling op Nampo park aangebied word. Die veiling word net voor die ALFA Bok & tjop braai op dieselfde plek aangebied. Top prestasiegetoetste dier van die volgende rasse neem deel: Dorpers, Witkop dorpers, Van Rooys, Boerbokke & Savannas.
   Datums:
   - 30 Sept, 14h00 op Nampo park. .

4. ***ALFA Bok & tjop-braai***
   Die kleinveebedryf en alle aspekte daarvan word by die geleentheid gevier met ’n spitbraai en Ruan du Toit se musiek. Die kleinveebedryf kom bymekaar om te sosialiseer, preseerders in die bedryf erkenning te gee en die produkte van die bedryf te geniet terwyl die Best of the best ramme aan ‘n parade deelneem.
   Die volgende toekennings word oorhandig:
   - Al die ALFA-projekte se toekennings wat insluit:
     - Onthulling van top-10 borde van die BKB prestasie kampioenskap.
     - RPO interras slaglam ras-wenners asook nasionale wenners
   - Samic se nasionale Logix kleinveetoekennings.
   - SA Stamboek se kleinveetoekennings.

   Datums:
   - 30 Sept, 18h00 op Nampo Park.

Suite nr 2,
Garsfontein office park
645 Jacqueline avenue
Pretoria
0081.
+(27)82 5622 188 / albert@nampoalfa.co.za

ALFA 2021 kalender opsomming		
Datum	**Projek**	**Aksie**
3 Mei	BKB prestasie kampioenskap	SA Stamboek stuur top-10 lyste aan genootskappe.
	ALFA aanlyn skou	SA Stamboek stuur top-5 ramme aan genootskappe.
1 Junie	BKB prestasie kampioenskap	Kwalifiseerders neem selfoonvideos en stuur dit in.
	ALFA aanlyn skou	Kwalifiseerders neem selfoonvideos en stuur dit in.
	Q-Pro nasionale kleinveegroeitoets	Gesprekke word met genootskappe gevoer om die gewig en ouderdom van diere te bepaal.
1 Julie	BKB prestasie kampioenskap	Evalusaie van videos begin.
	ALFA aanlyn skou	Beoordeling begin
	Q-Pro nasionale kleinveegroeitoets	Inskrywings sluit
	Nutri Moneymaker-nominasies	SA Stamboek stuur lyste van kwalifiseerders aan genootskappe.
	RPO nasionale interras-slaglamkompetisie saam met Samic.	Kompetisie open vir inskrywings.
	Inheemse kleinvee-ekspo	Uitnodigings open vir deelname.
26 Julie	Nutri Moneymaker-nominasies	Kwalifiseerders word op Agri TV aangekondig.
28 Julie	ALFA aanlyn skou	Wenners word op Agri TV aangekondig.
30 Julie	BKB prestasie kampioenskap	Top 10 lyste en ras-wenners word op Agri TV aangekondig.
1 Aug	Barnlab “Best of the best” kleinvee uitstalling	Uitnodigings vir deelname word uitgestuur
	Q-Pro nasionale kleinveegroeitoets	Diere word ontvang by US & UVS
2 Aug	Q-Pro nasionale kleinveegroeitoets	Toets begin begin.
16 -27 Aug	RPO nasionale interras-slaglamkompetisie saam met Samic.	Slagtings by 14 Abattoirs uitgevoer, streeks wenners word by elke abattoir aangekondig.
31 Aug	RPO nasionale interras-slaglamkompetisie saam met Samic.	Interras wenners word op Agri TV aangekondig. Sertifikate word op Nampo/ALFA uitgedeel.
15 Sept	Q-Pro nasionale kleinveegroeitoets	Toets word afgesluit
16 Sept	Q-Pro nasionale kleinveegroeitoets	Diere word verwyder by US & UVS
27 Sept	Q-Pro nasionale kleinveegroeitoets	Uitslae word op Agri TV aangekondig.
29 Sept	Inheemse kleinvee-ekspo	Diere word afgelewer en stalletjies word opgerig op Nampo park.
	Barnlab “Best of the best” kleinvee uitstalling	Diere word afgelewer en stalletjies word opgerig op Nampo park.
30 Sept	Nutri Moneymaker-nominasies	Sertifikate word uitgedeel.
30 Sept-2 Okt	Nampo/ALFA	Geleentheid word aangebied op Nampo park
	Noordkaap veldramklub veiling	Veiling aangebied deur GWK Veewinkel
	ALFA Bok & tjop-braai	
2-3 Okt	Alle projekte	Diere word verwyder en stalletjies afgebreek.